

FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700 Seminaar RS 8 – Voorraad PH Ferreira	DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP
----------------------------------------------------------------------------------------------	---------------------------------------------------------

Voorgeskrewe werke:

- | | | | |
|----|----------------------------------------|---|-------------------------|
| 1. | IAS 2 | - | IASB |
| 2. | GAAP Handbook Volume 1
- Hoofstuk 3 | - | Pretorius, et al |
| 3. | Circular 9/2006 | - | SAIGR |

Klasvoorbeeld:

Vraag A Verantwoording en openbaarmaking

Vrae:	Tyd
Vraag 1 Konseptuele vraag	± 10 min
Vraag 2 Rekeningkundige verantwoording	± 20 min
Vraag 3 Rekeningkundige beleid en waardasie van voorraad	± 25 min
Vraag 4 Voorraadwaardasie en openbaarmaking	± 55 min
Vraag 5 Voorraad – advies	± 15 min
Vraag 6 Voorraad – konsekwente toepassing	± 25 min

KLASVOORBEELD A

TNT Bpk is 'n maatskappy betrokke by die vervaardiging van vuurwerke. Twee kilogram grondstof en 30 minute se arbeid word benodig om een eenheid van die maatskappy se hoofproduk, Explozif, te vervaardig. Geen verspillings vind tydens die vervaardigingsproses plaas nie. Op 31 Desember 20X1 is 20 000 eenhede Explozif in voorraad (31/12/20X0: nul eenhede).

Op 20 Desember 20X1 het TNT Bpk se sterkste mededinger 'n produk soortgelyk aan Explozif op die mark gebring, met die gevolg dat Explozif se verkoopprijs onmiddellik gedaal het vanaf R15 per eenheid tot R10 per eenheid. Vanaf 20 Desember 20X1 tot 31 Desember 20X1 is 5 000 eenhede Explozif verkoop.

Op 1 Januarie 20X1 was 10 000 kg grondstof voorhande met 'n kosprys van R2 per kg. Gedurende 20X1 is 100 000 kg grondstof aangekoop teen R2,5 per kg, waarvan 1 000 kg op 31 Desember 20X1 voorhande was. Die netto realiseerbare waarde van die grondstof is op 31 Desember 20X1 R2,6 per kg.

Direkte arbeidskoste beloop R4,4 per uur. Vaste produksieboekoste beloop R180 000 per jaar, terwyl normale kapasiteit geskat word op 60 000 eenhede per jaar. Verkoopskoste beloop 2% van verkoopspryse.

TNT Bpk waardeer alle voorraad op die eerste-in-eerste-uit-grondslag. Op jaareinde was daar geen werk-in-proses voorhande nie.

VERLANG:

- a. Bereken die verkope en koste van verkope van TNT Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 20X1.
- b. Berei die volgende aantekeninge tot die finansiële state van TNT Bpk voor vir die jaar geëindig 31 Desember 20X1:
 - wins voor belasting; en
 - voorraad.

LET WEL: - Vergelykende bedrae word nie verlang nie.
- Aanvaar dat alle bedrae wesenlik is.

VRAE**VRAAG 1**

Regverdig die volgende stellings konsepsueel deur na Die Konsepsuele Raamwerk te verwys:

1. Voorraad is bates wat vir verkoop in die normale loop van besigheid gehou word.
2. Voorraad word getoon teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde.
3. Die koste van voorraad moet as 'n uitgawe erken word sodra die voorraad verkoop word.

VRAAG 2

Doepa Beperk is 'n vervaardigingsmaatskappy in die farmaseutiese bedryf. Die volgende items wat verband hou met die produksieproses is op 30 Junie 20X5, die jaareinde, by Werk-in-proses onder "Voorraad" op die staat van finansiële posisie ingesluit.

1. Die voorraaditem Sonpyn is soos volg teen R426 000 waardeer :

	R
Grondstowwe @ kosprys	200 000
Ander direkte koste	144 000
Gedeelte van fabrieksbokoste	38 000
Gedeelte van verkoops- en administratiewe bokoste	44 000
	426 000

Sonpyn is 'n pil wat bestendig verkoop en 'n redelike winsopbrengs verdien.

2. 1 300 kg van 'n chemiese bestanddeel, Seerstil, wat in massahoeveelheid gehou word. Dit is soos volg waardeer :

	R
Grondstowwe @ kosprys	340 000
Ander direkte koste	260 000
Gedeelte van fabrieksbokoste	47 000
Gedeelte van toekomstige verkoopskoste	59 000
	706 000

'n Mededinger van Doepa Bpk het onlangs 'n soortgelyke produk op die mark gebring wat verkoop word in handige 100 g pakke teen R35 elk. Doepa Bpk sal Seerstil ook in 100 g houers moet verpak ten einde by die mededinger kers vas te hou. Die koste van sodanige verpakking vir die huidige voorraad sal ongeveer R20 000 beloop en 'n bykomende R30 000 sal aan reklame spandeer moet word ten einde dit te kan verkoop.

VERLANG:

Verduidelik, tesame met 'n opgaaf van redes, hoe bovermelde items in die finansiële jaarstate van DOEPA BPK hanteer moet word. U antwoord moet in ooreenstemming wees met die jongste International Financial Reporting Standards.

VRAAG 3

'n Maatskappy vervaardig en verkoop 'n spesifieke produk. Aankope van grondstowwe word gereeld elke Maandag gedoen en dit beloop 1 000 ton per week. Die leweransiersprys daarvan was R100 per ton gedurende die eerste semester van 20X7 maar is op 1 Julie 20X7 na R150 per ton verhoog en het konstant gebly tot 1 Februarie 20X8 toe dit na R130 per ton verlaag is. Bykomende doeanebelasting van R10 per ton en vervoerkoste na die maatskappy se fabriek van R20 per ton is ook betaal. Aanvaar dat die grondstof op 31 Desember 20X7 teen R160 per ton verkoop kan word.

Die volgende produksiegegevens is beskikbaar vir die jaar geëindig 31 Desember 20X7:

Normale kapasiteit <u>per week</u>	1 500 ton
Veranderlike verwerkingskoste	R25 per ton
Vaste produksiekoste gebaseer op normale kapasiteit	R30 000 per week

Daar vind geen verlies aan tonnemaat tydens produksie plaas nie.

Die finale produk is teen R240 per ton bemark. Verkoopkoste was R3 000 per elke 1 000 ton van die finale produk wat verkoop is en afleweringkoste beloop R7,50 per ton.

Daar was geen beginvoorrade aan die begin van die jaar nie, maar op 31 Desember 20X7 was daar 5 000 ton grondstowwe en 2 000 ton finale produk voorhande. Daar word verwag dat verkoopprijs en kostes hierbo vermeld ook vir 20X8 sal geld.

Die EIEU-metode van waardasie word gebruik.

VERLANG:

1. Stel die rekeningkundige beleidsaantekening vir voorraad op soos wat dit in die maatskappy se finansiële jaarstate op 31 Desember 20X7 sal verskyn. (1)
2. Bereken die waarde van voorraad klaarprodukte op 31 Desember 20X7 volgens die voorskrifte van IAS 2. (5)
3. Bereken die waarde van grondstowwe voorhande op 31 Desember 20X7 volgens die voorskrifte van IAS 2. Aanvaar dat die netto realiseerbare waarde van die grondstof op 31 Desember 20X7 R160 per ton beloop. (Verduidelik telkens waarom u 'n spesifieke waardasiemetode vir u voorraad-berekenings kies.) (4)
4. Dui aan hoe dit u antwoord in 3. sou beïnvloed indien die verkoopprijs van die finale produk, as gevolg van 'n daling in die koste van grondstof, na R230 per ton sou daal. (6)

VRAAG 4

U is die ouditeur van Topline Beperk, 'n mediumgrootte genoteerde maatskappy. Die maatskappy voer grondstof uit die VSA in en verwerk en verkoop dit in die RSA. Twee produkte word vervaardig, naamlik Cattex and Fumex. Beide produkte word van dieselfde grondstof vervaardig.

Gedurende die jaar het die maatskappy 100 000 kg grondstof uit die VSA ingevoer waarvan die besonderhede soos volg was:

Faktuurkoste :	\$1 000 000
Kaaigeld :	R22 500
Vraggeld :	R15 000
Klaringsdienste :	R1 500
Doeanebelasting :	R150 000
BTW teen 14% :	R504 000

Die wisselkoers op 1 Februarie 20X5 was \$1 = R3,60 toe die grondstof vry aan boord (VAB) uit die VSA verskeep is. Die wisselkoers was \$1 = R3,62 toe die grondstof deur doeanebeamptes geklaar is en \$1 = R3,65 op 1 Mei 20X5 toe dit op die fabriekperseel aangekom het.

Die skuld van \$1 000 000 is betaalbaar op 1 Februarie 20X6 (aanvaar dat die tydwaarde van geld nie wesenlik is nie). Op 31 Augustus toe die sigkoers \$1 = R3,70 beloop het, is daar besluit om 'n valutatermykontrak ten opsigte van die volle skuld van \$1 000 000 uit te neem. Die termynkoers het \$1 = R3,73 beloop. Die valutatermykontrak verstryk op 1 Februarie 20X6.

Die volgende inligting is beskikbaar vir die tydperk vanaf 1 Mei 20X5 tot 31 Desember 20X5:

	Cattex	Fumex
Grondstowwe uitgereik	30 000 kg	40 000 kg
Direkte arbeid (R8 per uur)		
Produktiewe ure	152 000 ure	164 000 ure
Ledige ure	24 000 ure	20 000 ure
Direkte fabrieksbokoste (ten volle produktief)	R160 000	R170 000
Vaste fabrieksbokoste	R1 120 000	R1 200 000

Bykomende inligting vir die tydperk vanaf 1 Mei 20X5 tot 31 Desember 20X5:

- Normale kapasiteit (produktiewe en normale ledige tyd) is soos volg:

Cattex-afdeling	22 000 ure per maand
Fumex-afdeling	20 000 ure per maand.
- Die werknemers in die Cattex-afdeling het gedurende Augustus 20X5 gestaak ten einde te beding vir hoër lone. Die afdeling het 6 000 ure as gevolg van die staking verloor. Dié ledige ure is by totale ledige ure van 24 000 ure ingesluit.

Die res van die ledige ure is normaal. Die ledige ure in die Fumex-afdeling was normaal. Werklike kapasiteit in die Fumex-afdeling het afgegewyk van normale kapasiteit as gevolg van 'n groot bestelling wat gedurende die tydperk aan 'n klant gelewer moes word.

- Een eenheid klaarprodukt van Cattex weeg 1 kg, terwyl 'n Fumex klaarprodukt 2 kg weeg.
- Normale grondstofvermorsing in beide produkte se geval is 10%, en vind heel aan die begin van die produksieproses plaas.
- Daar is geen onvoltooië voorraad op jaareinde nie en geen ander grondstof is gedurende die jaar aangekoop nie.
- Klaarprodukte wat gedurende die tydperk vanaf 1 Mei 20X5 tot 31 Desember 20X5 vervaardig is, was soos volg:

Cattex:	26 000 produkte
Fumex:	18 000 produkte

Vyf-en-twintig persent van die klaarprodukte was in beide gevalle steeds voorhande op 31 Desember 20X5.

- Die vervangingskoste van grondstof is op 31 Desember 20X5 hoër as op 1 Mei 20X5.
- Die verkoopprijs van klaarprodukte was op 31 Desember 20X5 soos volg:

Cattex:	R150 per eenheid (uitsluitende BTW)
Fumex:	R300 per eenheid (uitsluitende BTW)
- Afleweringkoste per produk beloop R2, terwyl verkoopskommissie 5% beloop.

Die finansiële bestuurder van Topline Beperk het op 31 Desember 20X5 voorraad soos volg waardeer vir doeleindes van die finansiële state:

Grondstof	R
Faktuurkoste (\$1 000 000 x R3,65)	3 650 000
Wisselkoersverskil (\$1 000 000 x (R3,73 - R3,65))	80 000
Kaaigeld	22 500
Vraggeld	15 000
Klaringsdienste	1 500
Doeanebelasting	150 000
BTW	504 000
Totaal: 100 000 kg	4 423 000
Eindvoorraad: 30 000 kg @ R44,23	1 326 900

Klaarprodukte	Cattex	Fumex
Grondstof (R44,23 per kg)	1 326 900	1 769 200
Direkte arbeid (R8 per uur)	1 408 000	1 472 000
Direkte fabrieksboekoste	160 000	170 000
Vaste fabrieksboekoste	1 120 000	1 200 000
Totale vervaardigingskoste	4 014 900	4 611 200
Kosprys per eenheid	154,42	256,18
Eindvoorraad	1 003 725	1 152 800

VERLANG:

1. Bereken die bedrae waarteen die verskillende voorraaditems op 31 Desember 20X5 in die finansiële state getoon behoort te word. (17)
2. Stel 'n verslag aan die finansiële bestuurder op waarin u, met volledige verwysing na International Financial Reporting Standards, motiveer waarom u waardasie van syne verskil. (10)
3. Toon hoe alle aspekte met betrekking tot voorraad, rekeningkundige beleid uitgesluit, in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 20X5 geopenbaar sal word. (9)

IAS 2 se beginsels moet deurgaans toegepas word.

(BRON: Univ. Stellenbosch - 1995)

VRAAG 5**(10 punte)**

'n Maatskappy besit 'n fabriek wat 'n produk, Produk Y, plaaslik vervaardig. By die bepaling van die toedeling van produksieboekoste na voorraad is die volgende kriteria gebruik:

A - Die maandelikse produksievolume (eenhede vervaardig) word bepaal.

B - Maandelikse produksieboekoste word bereken.

Die volgende items word, onder andere, by produksieboekoste ingesluit:

- huurfinansieringskoste van bruikhuurbates wat gekapitaliseer is
- werwingskoste, advertensies, ens. vir produksiepersoneel
- navorsingskoste ter verbetering van Produk Y
- koste van fabriekadministrasie

C - $B \div A$ = produksieboekoste per eenheid vir die maand.

D - Maandelikse produksievolume word gebruik aangesien die maatskappy slegs op bestelling vervaardig en die bestellings geweldig seisoengebonde is.

VERLANG:

Evalueer bogenoemde toedeling van produksieboekoste ten einde te verseker dat daar te alle tye aan International Financial Reporting Standards voldoen word.

VRAAG 6

Wiesenhof is 'n maatskappy wat 'n aantal koffiewinkels besit. Koffie word aan klante by koffiewinkels reg oor die land bedien. Uitgesoekte koffie word ook in spesiaal verpakte houers by die winkels verkoop. Hierdie verkope geskied egter slegs twee keer per maand op spesifieke dae. Dit gee aan klante die geleentheid om die Wiesenhofervaring huis toe te neem. Hierdie spesiaal verpakte koffie word deur die onderskeie koffiewinkels direk vanaf uitgesoekte verskaffers, soos deur hoofkantoor goedgekeur, aangekoop.

Koffiewinkelbestuurders ontvang vanaf Maartmaand maandeliks 'n kommissie gebaseer op die wins wat uit hierdie koffieverkope realiseer. Vir hierdie doel moet bestuurders maandeliks 'n staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste vir koffieverkope opstel. Hierdie maandelikse state sal dan ook by die opstel van die jaarlikse finansiële state van die maatskappy gebruik word.

Die finansiële direkteur is, na hersiening van die twee koffiewinkels se Maartstate van wins of verlies en ander omvattende inkomste, onseker oor die meting van voorraad. Die Pretoria-tak het hulle voorraad volgens die eerste-in-eerste-uit-grondslag gemeet, terwyl die Kaapstad-tak die geweege gemiddelde-metode gevolg het.

Die volgende inligting word vir advies aan u voorgelê:

	Pretoria-Tak	Kaapstad-Tak
Aantal eenhede verkoop	700	700
Verkoopprijs (deur hoofkantoor goedgekeur)	R100	R100

Die Pretoria-tak se voorraadaankope en –verkope was soos volg:

Datum	Koop/Verkoop	Aantal	Prys R
3 Maart	Koop	1 000	40
14 Maart	Koop	500	55
18 Maart	Verkoop	200	100
22 Maart	Koop	2 000	55
27 Maart	Verkoop	500	100

Die Kaapstad-tak se voorraadaankope en –verkope was soos volg:

Datum	Koop/Verkoop	Aantal	Prys R
6 Maart	Koop	1 000	40
13 Maart	Koop	500	55
17 Maart	Verkoop	200	100
24 Maart	Koop	2 000	30#
29 Maart	Verkoop	500	100

Die bestuurder van die winkel in Kaapstad kon daarin slaag om 'n spesiale aankoopprys met een van die goedgekeurde verskaffers te beding.

VERLANG

- Stel Maart se staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste vir koffieverkope (afsonderlik vir elke tak) volgens beide die eerste-in-eerste-uit en geweege-gemiddelde- grondslag op.
- Lewer advies aan die finansiële direkteur rakende die aanvaarbaarheid om verskillende kosteformules by die twee takke te gebruik. Verwys in u antwoord na Die Konsepsuele Raamwerk en ander relevante International Financial Reporting Standards.